

Die
CHRISTEN
en sy
WERK



ETIESE ASPEKTE IN DIE WERKPLEK

Wikus Buys en Paul Maritz (reds.)

Die
CHRISTEN
en sy
WERK

ETIESE ASPEKTE IN DIE WERKPLEK

Wikus Buys en Paul Maritz (reds.)



BEGROOND

Instituut vir Christelike
Grondslagstudies

Kopiereg © Kraal Uitgewers 2021
Kopiereg op alle foto's behoort aan persone of instellings soos aangedui.
Eerste Uitgawe (van Hoofstuk 1) in 2021, Kraal Uitgewers (Edms.) Bpk.

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige middel weergegee word nie, hetsy elektronies of deur fotokopiëring, plaat- of bandopnames, vermikrofilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring, behalwe deur redelike aanhalings vir navorsings- en resensiedoeleindes.

Geset in 12 op 15 pt Palatino Linotype
Omslag en setwerk: Hannelie du Preez
Redigering: Karin Heydenrych
Proeflees: Ilze Nieuwoudt

Hierdie hoofstuk is slegs elektronies beskikbaar gestel vir bemarkingsdoeleindes
deur
Begronde: Instituut vir Christelike Grondslagstudies

Kraal Uitgewers (deel van die Solidariteit Beweging)
h.v. D.F. Malan- en Unielaan, Kloofsig, Centurion
Posbus 11760, Centurion, 0046

Vir meer inligting oor dié en ander publikasies van Kraal Uitgewers kontak die
uitgewer by:
kraal@kraaluitgewers.co.za
www.kraaluitgewers.co.za
012 880 1953



INHOUD

1. Die drie werkwoorde vir 'n Christen: *Arbei en doen al jou werk* (Wikus Buys)
2. Werk en geloof (Rikus Fick)
3. Werk en identiteit: 'n Historiese blik (Dirk Hermann)
4. Oor verbond en werk (Alwyn Swanepoel)
5. Werk en roeping (Paul Maritz)
6. Werk en ewigheid (Lourens Venter)
7. Werk en rus (Victor E. d'Assonville)
8. Werk en werksverslawing (Henk Stoker)
9. Werk en welsyn (Hannes Noëth)
10. Arbeid en ekonomisme (Michael Heyns)
11. Werk en onderlinge binding en vertrouwe (Marisa Engelbrecht)
12. Die Christen en arbeidsverhoudinge (Gideon du Plessis)
13. 'n Christelike arbeidsetiek (Pierre Muller)
14. Die Christen, werk en rewolusie (Paul Maritz)
15. Gemeenskap as samewerking: Wanneer 'n volk se werk nie verniet is nie (Ronald Bain)
16. Werk en die toekoms (Flip Buys)
17. Samevatting

Bibliografie

Eindnota

HOOFSTUK 1



Die drie werkwoorde vir 'n Christen: *Arbei en doen al jou werk*¹

WIKUS BUYS

Die meeste tale met 'n Westerse agtergrond maak 'n onderskeid tussen “werk” en “arbei”. So byvoorbeeld onderskei Engels ook tussen “work” en “labour”. Dit is 'n onderskeid wat al van vroeg af deur Griekse filosowe getref is.

KLASSIEKE SIENING VAN WERK

Die antieke Grieke het werk eintlik as 'n straf gesien. Die Griekse woord vir werk is *ponos* wat geswoeg, dwang en moeisame arbeid beteken. In die Griekse mitologie was Ponos die god van werk en moeisame arbeid. Handarbeid was volgens die Grieke bedoel vir slawe. Vrymanne is vrygestel van dié pynlike handeling. Hulle kon hulle eerder toelê op dinge soos oorlogvoering, handeldrywing en die kunste. Harde werk was beskou as 'n noodsaaklikheid om aan die lewe te bly, met ander woorde om in die daaglikse lewensonderhoud te voorsien. Aristoteles (384 v.C.-322 v.C.), die bekende antieke Griekse filosoof en wetenskaplike, het harde werk in wese beskou as 'n mors van tyd wat stadsburgers eintlik verhoed om

goeie deugde na te jaag. Die onderskeid tussen klasse mense is op hierdie manier daargestel en eintlik as algemeen aanvaar. Dit is as normaal geag dat 'n groot deel van die mense harde handarbeid verrig, in wese slawewerk doen, en dat 'n kleiner minderheid daardeur in staat gestel word om hoër dinge in die lewe na te jaag.

Die kernverskil in die Griekse samelewing tussen meester en slaaf, tussen vry en gebonde werk, is hierdeur diep gevestig in die denke van die Westerse mens. Selfs die algemene opvatting van “vryetydsbesteding”, die konsep van “naweek” en “aftree met pensioen” het sy wortels in hierdie kernbetekenisonderskeid van die Grieke tussen “werk” en “arbeid”. Werk is gesien as noodsaaklike lewensonderhoud, maar is eintlik bedoel om deur slawe verrig te word. Daarteenoor is arbeid beskou as 'n vrye handeling om dieper deugde te ontgin. So is leierskap in die Griekse stadstaat se kultuur geskoei op die idee van watter werk 'n man *nie hoef te doen nie*, ten einde hom in staat te stel om as leier te kan optree. Een van die wortels van die Weste se werksetiek lê dus in hierdie tweedeling: werk is pyn en lyding en 'n noodsaaklike euwel, terwyl arbeid vrygestel is van werk en gerig is op die ontwikkeling van deugde.

VRY VAN WERK OF VRY IN WERK?

Die vraag of 'n mens vry *van jou werk* moet wees of vry *in jou werk* kan wees, is eers regtig beantwoord met die verspreiding van die Christelike leer in die Weste. Die Joods-Christelike denke het in reaksie teen hierdie Griekse denke gekom. 'n Deel daarvan is behou en 'n deel is verander. Die deel wat behou is, is dat werk as 'n straf gesien is as gevolg van Adam se sonde in die tuin van Eden. Werk het die karakter van 'n vloek gedra. Tog het veral die Christelike denke al hoe meer begin beklemtoon dat bevryding van dié vloek moontlik is. Verlose werk – of bevryde werk – het langamerhand 'n nuwe

betekenis aangeneem. Waar die Grieke “vrye werk” gesien het as ’n meester wat nie slawewerk hoef te doen nie, het die Christelike denke “vrye werk” begin sien as enige werk los van die vloek van God. Dit was egter eers met die Reformasie in die sestiende eeu dat hierdie gedagte in rypheid ontwikkel het. Die Reformasie was die stem wat gepleit het dat alle werk wel ’n roeping voor God kan wees. Bevryding van sonde en die vloek is ook op die werksetiek konsekwent toegepas. Dit is dan ook nie verbasend nie dat die afskaffing van slawerny meer deur die Protestantse denke gestimuleer was as deur die Rooms-Katolieke insigte. Die vloek wat op slawewerk gerus het, en die wesenlike onderskeid tussen slawewerk en vrye werk is geleidelik opgehef.

STEEDS REFORMEREND WERK

Alhoewel die tweedeling (werk – arbeid) ’n wesenlike invloed op die klassieke denke se siening uitgeoefen het, het selfs die Reformasie nog nie heeltemal uitgekome by die Bybelse driedeling oor werk nie. Hierdie driedeling vind ons in die vierde gebod saamgetrek: “Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy *arbeid*, en al jou *werk doen*” (Eks. 20:8-9, 1953-vertaling, eie kursivering).

Daar was al voorheen pogings om met die klassieke tweedeling te breek. So byvoorbeeld het die bekende naoorlogse filosoof Hannah Arendt ’n driedeling rondom die begrip “werk” gemaak. Sy het dit nie vanuit ’n Christelike raamwerk gedoen nie, maar dit was wel uniek deurdat sy ’n driedeling begin toepas het teenoor die tradisionele klassieke tweedeling. Sy het aangetoon dat ’n driedeling moontlik is. Daar word kortliks gefokus op die driedeling in die vierde gebod en watter ontginbare moontlikhede dit bied. Dié driedeling bied ryker insigte oor die reformasie van werk – om nou in werk te rus.

HANNAH ARENDT

Arendt maak 'n driedeling in werksetiek naamlik werk, arbeid en aksie. Sy beskou werk in die tradisionele sin as 'n moeisame herhaling van die lewensiklusonderhoud. Dit is harde werk om bloot aan die lewe te bly. Arbeid sien sy as 'n menslike handeling om 'n produk daar te stel wat nuttig is om iets mee te doen. Arbeid het met produksie te make. Derdens kom sy met die idee van aksie: Dit is 'n handeling waarin die mens iets blywends en sinvols bereik. Die belangrike van Arendt se driedeling is dat sy aksie beskou as die mens se selfopenbaring. Haar werksetiek kom op die volgende neer: Die mens werk hard om bloot aan die lewe te probeer bly. Om hierdie oorlewingsproses te probeer vergemaklik, produseer die mens vir homself werktuie (in Engels: *tools*). Die eintlike waarde van die mens kom egter eers na vore in die derde stap. In die mens se werksaksie waarin hy iets blywends tot stand bring, word geopenbaar wie die persoon is wat aan die werk was. Die mens se werk as aksie is die mens se selfopenbaring.

Oorvereenvoudig sou Arendt se driedeling op die volgende neerkom:

werk	Die mens oorwerk homself.	Herhaling, oor en oor dieselfde sirkel
arbeid	Die mens verwerk iets.	Produseer nuttige gereedskap
aksie	Die mens bewerk self.	Bereik iets blywends deur selfopenbaring

Alhoewel Arendt se driedeling die klassieke tweedeling probeer deurbreek, en daarmee ook die ingeboude problematiek van slawe- en vrye werk, slaag sy nie heeltemal in haar doel nie. Die rede daarvoor is dat sy die menslike selfopenbaring deur werk nie gebind sien aan God se selfopenbaring deur sy werk nie.

DRIEDELING VAN DIE VIERDE GEBOD

Ons kyk kortliks na 'n uiteensetting van hierdie driedeling in die vierde gebod (Eks. 20:8-9).

arbei	דבע	Doelgerig diens doen Dienaar, werker wees Slawewerk
doen	השע	Effektief uitvoer Klaarmaak Doen, maak
al jou werk	הכאלמ / קלמ	Vakmanskap Handig wees, vakvernuf Boodskapper

Die bevryding van werk as 'n vloek en smart is reeds vervat in die aanhef van die Tien Gebooe: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, *uit die plek van slawerny*, bevry het" (Eks. 20:2, 1983-vertaling, eie kursivering). Hierdie bevryding is waar en werklik in die persoon en werk van Jesus Christus.

As bevryde kan die mens nou sy werk ondermeen. Hierdie lewenswerk van die mens het drie aspekte:

1. Arbei

Die mens is 'n dienaar van God. Die mens is as't ware onderkoning op die aarde. Die feit dat die sondeval hierdie aspek juis verdraai, bevestig die oorspronklike punt: Die mens is bedoel om as kind van God, as erfgenaam dienend deel te neem aan dit wat God met sy skepping wil bereik – om vir homself 'n huis by die mense te bou. Die mens is oorspronklik bedoel as doelgerigte werker, as dienende koning, as diensdoenende beampte van God op die aarde. Die sondeval verslaaf die mens. Die mens se heerlike taak word verander in 'n galbitter gespartel om aan die lewe te bly. Die mens as

sondaar word verslaaf deur sy werk, word verslaaf aan sy werk en verslaaf ander mense in sy werk. Christene wat bevry is in Christus mag geen deel hê aan enige vorm van slawerny nie.

2. Doen

Hierdie deel van Christelike werksetiek is dat daar 'n duidelike verband is tussen 'n idee en die uitvoering daarvan. Wat as goed beskou is, behoort goed gedoen te word. Die diepste beginsel hiervan is die Woord van God wat vlees geword het. God het duidelik gewys wat Hy dink. Wat God sê, word gedoen. Selfs in Genesis 1 is hierdie verband al duidelik tussen "sê" en "sien". Ons sal baie keer vir iemand sê: "Ek sien wat jy bedoel." In dieselfde sin wil God sien wat Hy gesê het. God wil sy bedoeling verwerklik sien. "Die *Woord* het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid *gesien*" (Joh. 1:14, 1983-vertaling, eie kursivering). Reformasie is 'n deurlopende saak. Christene in hul werkplek mag nie gelate aanvaar dat onreg maar net voortgaan nie. Trouens, die Christelike werksetiek, in sy driedelige betekenis, bedoel juis voortgaande hervorming van werk. God se bedoeling moet gedurig in alle werksomstandighede na vore gebring word. Die Bybel praat nie vergeefs van Christene as medewerkers van God nie. Wat God bedoel, wil Hy effektief laat uitvoer. Hierdie is 'n aspek wat Christene en hul werk in die huidige omstandighede moet laat nadink oor die vraag: Saam met wie werk ek? Is ons medewerkers van God of is ons kwaaddoeners, werkers van ongeregtigheid?

3. Jou werk

Om *al jou werk* effektief uit te voer, beteken dat jou lewenswerk 'n sekere boodskap uitdra. Dit is hier waar

die werkwoord en die selfstandige naamwoord twee kante van dieselfde munt word. (Net soos liefde eintlik 'n selfstandige naamwoord is, maar in werklikheid werk vereis, kan "werk" in hierdie konteks ook eienskappe van inspanning hê en dus as 'n werkwoord beskou word.) Jy moet met jou werk word waartoe jy geroep is. Deur jou werk word uitgewys wie jy eintlik is. Jy dra die boodskap van verlossing en skepping met jou saam. Jy is geskep en gered. Jou werk "boodskap" dit, jy "word boodskapper" deur jou werk. Soos wat God se Woord dan ook 'n sigbare mens geword het, so word deur jou werk gewys wie jy is en wie God gesê het jy is.

Die woord "boodskapper" beteken om aan te toon hoe die koningskap van God se Seun oor elke aspek van die lewe na vore kom. Al *jou* werk dui op 'n persoonlike roeping, gawes en opdrag wat God aan elkeen gee. Die orde van werksindeling en werksverdeling in Christelike werksetiek is hier van belang. God stuur sy Seun as Boodskapper om sy Koningskap te verkondig en te vestig. Die Seun se koninkryk word op aarde gevestig deurdat Christene hul werk doen. Aan die einde dra die Seun, die Boodskapper, sy koninkryk oor aan die Vader. Wanneer Christene bid "Onse Vader, ... laat U koninkryk kom", dan bedoel hulle ten diepste daarmee ook: Laat deur ons werk u boodskap na vore kom op aarde, dat u Seun sy koninkryk aan U kan oordra. Om *jou werk* te doen, beteken om met 'n koninkryksperspektief te werk – die Seun en die Vader se koninkryk. Roepingsbesef, roepingsvervulling en sinvolheid van werk is wesenlik deel van Christelike werksetiek. Praktyke wat nie strook met die koninkryk van God nie, moet verander en in ooreenstemming gebring word met die Koning. Dit is die groot boodskap van ons werk.

RUS IN JOU WERK

Die vierde gebod wys juis hierdie lyn uit. Deur die driedeling in die Skrif toe te pas, kom die mens daarby uit om wel in sy werk te kan rus soos God in sy werk. Dit is die wesenlike van die reformasie van werk – om die vloek van werk weg te werk, deur die doel van werk te bereik, naamlik ware rus *in* jou werk.

Om in jou werk te kan rus, moet jy die driedeling van jou werk begryp. Ken die drie werkwoorde van jou werk: *arbei* en *doen* al jou *werk*. So is ons vry van die slawerny van ons werk. So het ons bevryde werk ewigheidswaarde, want dit dra die boodskap van die Koning: “En ek het ’n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf – salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan *rus van hul arbeid*, en *hulle werke volg met hulle*” (Op. 14:13, 1953-vertaling, eie kursivering).

BIBLIOGRAFIE

- Arendt, H. 1958. *The human condition*. Chicago: University of Chicago Press.
- Aristotle. 2014. *Nicomachean ethics*, translated by C.D.C. Reeve. Indianapolis: Hackett Publishing.
- Clark, M. & Hirsch, S.R. 1999. *Etymological Dictionary of Biblical Hebrew: Based on the commentaries of Samson Raphael Hirsch*. Jerusalem: Feldheim Publishers.
- Die Bybel in Afrikaans*. 1953. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel*. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Strauss, L. 1978. *The city and man*. Chicago: University of Chicago Press.
- Van Wyk, J.A. 1985. *'n Christelike etiek van die arbeid*. Kaapstad: NG Kerkboekhandel.

EINDNOTA

1 Net soos liefde eintlik 'n selfstandige naamwoord is, maar in werklikheid werk vereis, kan "werk" in hierdie konteks ook eienskappe van inspanning hê en dus as 'n werkwoord beskou word.